education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 12

## EKONOMIE V1
## JUNIE 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde wat meer as die vereiste nommer is, sal NIE gemerk word nie.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Lees die vrae aandagtig deur.

5. Skryf die nommer van die vraag bo elke antwoord neer.

6. Begin ELKE vraag op ‘n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van die vrae.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ‘n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE–20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Geld wat oor die land se grense oorgeplaas word van inwoners na nie-inwoners wat nie ... nie, word na verwys as ‘n lopende oordrag.

A gehefde rente kry
B vir tasbare goedere geruil word
C dividende kry
D opgeneem word

1.1.2 ‘n Voorbeeld van aansporing wat aan besighede gegee word om koste te verlaag, sluit in:

A ‘n Hoë progressiewe belasting
B verbruiksubsidies
C vermindering van belastingkortings vir huishoudings
D produksiesubsidies

1.1.3 Die mark wat die koop en verkoop van staatseffekte behels en ander sekere sekuriteite in die ope mark deur sentrale bank.

A ‘n Oopmarktransaksie
B Kapitaalmark
C Forex
D Geldmark

1.1.4 … staan bekend as die vergoeding van die produksiefaktore.

A ‘n Wins
B Uitgawes
C Inkomste
D Bates

1.1.5 Wanneer die prys van die Suid-Afrikaanse rand daal in verhouding tot die prys van die Amerikaanse Dollar as gevolg van markkragte, dan sou die Suid-Afrikaanse rand … teenoor die Amerikaanse Dollar.

A devalueer
B appresieer
C depresieer
D herwaardeer

1.1.6 Openbare goedere wat gebruik kan word deur almal en niemand kan verhoed word om dit te gebruik nie.

A Meriete goedere
B Gemeenskapsgoedere
C Verbruiksgoedere
D Vrye goedere

1.1.7 Gedurende hierdie fase is die vlak van produksie hoog en inflasie is buite beheer.

A Voorspoedfase
B Ressessiefase
C Herstelfase
D Depressiefase

1.1.8 Bruto Toegevoegde Waarde word gebruik wanneer … bereken word

A BNP
B BNI
C BBI
D BBP (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK, bv. 1.1.9 D.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Handelstekort | A billikheid en verdeling van inkomste deur progressiewe belasting |
| 1.2.2 Burokrasie | B die oordrag van funksies en eienaarskap van die publiek na die privaatsektor |
| 1.2.3 Keynesiaanse benadering | C staatsingryping is nodig |
| 1.2.4 Ekonomiese billikheid | D die mark waar beide kort- en langtermyn finansiële bates verkoop is |
| 1.2.5 Primêre Inkomstebetaling | E implementering van reëls en prosedures wat die kwaliteit van dienslewering verlaag |
| 1.2.6 Privatisering | F 'n mark vir korttermyndeposito's en lenings |
| 1.2.7 Terugkoopkoers | G werknemervergoeding betaal aan nie-inwonende werkers en beleggingsinkomste |
| 1.2.8 Finansiële mark | H die koers waarteen die sentrale bank van 'n land geld aan kommersiële banke leen |
| | I wanneer die waarde van 'n land se invoer die waarde van sy uitvoere oorskry |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings, skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, voorbeelde en akronieme sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Die vermoë om kwaliteit goedere te produseer sonder die vermorsing van hulpbronne.

1.3.2 Die komitee wat oor die land se monetêre beleid besluit.

1.3.3 Die totale besteding aan goedere en dienste in die ekonomie.

1.3.4 Inkome wat huishoudings verkies om nie te bestee nie.

1.3.5 'n Belegging wat deur 'n firma of individu in een land in 'n besigheid gemaak word in die belange van 'n ander land.

1.3.6 Wanneer daar van regeringsamptenare verwag word om hulle besluite te verduidelik. (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.


**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE kenmerke van die fiskale beleid. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe bevoordeel subsidies op produksie besighede? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: https://web.facebook.com/photo/]

2.2.1 Identifiseer die rede vir mislukking in die openbare sektor waarmee Eskom tans te doen het. (1)

2.2.2 Noem enige ander rede vir mislukking in die openbare sektor. (1)

2.2.3 Defineer kortliks die term *deregulering.* (2)

2.2.4 Hoe beskerm die regering hulpbronne? (2)

2.2.5 Hoe kan privatisering van Eskom die ekonomie bevoordeel? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA SE VOORSTE INDEKS DAAL VIR DIE 2DE MAAND**

Die saamgestelde toonaangewende sakesiklusaanwyser in Suid-Afrika het in Desember 2023 met 0,8% maand-tot-maand gedaal, en verder gedaal vanaf ‘n daling van 0,4% in die vorige maand. Dit was die tweede opeenvolgende maand van daling en die laagste lesing sedert Mei, aangesien afnames in vier van die nege beskikbare komponent tydreekse die styging, in die oorblywende vyf oorskry het.

Die grootste negatiewe bydraers was afnames in die aantal residensiële bouplanne wat goedgekeur is en in die gemiddelde ure gewerk, per fabriekswerker in die vervaardigingsektor. Aan die ander kant was die belangrikste positiewe bydraers versnellings in die ses maande gladde groeikoers, van die aantal nuwe passassiersvoertuie wat verkoop word vir werksadvertensies.

[Bron: https://tradingeconomics.com]

2.3.1 Identifiseer die ekonomiese aanwyser in die bogenoemde uittreksel wat aandui dat die ekonomie herstel is. (1)

2.3.2 Noem enige ander ekonomiese aanwyser (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *ekstrapolasie*.. (2)

2.3.4 Wat is die belangrikheid daarvan om die lengte van ‘n sakesiklus te meet? (2)

2.3.5 Verduidelik die tendenslyn as ‘n kenmerk wat voorspelling onderlê. (4)

2.4 Beskryf kortliks *Bruto Binnelandse Produk* en *Bruto Nasionale Produk*. (4 x 2) (8)

2.5 Ontleed die uitwerking van hoë inflasiekoers op werkloosheid. (8)
**[40]**

**VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE tipes pryse wat gebruik word om nasionale rekeninge te bereken. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe sal ‘n regressiewe belastingstelsel gemarganaliseerde mense raak? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SYFERS VAN VROEÈ VIERDE KWARTAAL DUI OP ‘N TEGNIESE RESESSIE**

Na ‘n sterker as verwagte eerste helfte van die jaar het ekonomiese aktiwiteite in die laaste maande van 2023 verswak, wat dui op die impak wat verhoogde rentekoerse, beurtkrag en Transnet-probleme op die ekonomie gehad het. Die druk in ekonomiese aktiwiteite word vasgevang in die BankservAfrika-indeks vir ekonomiese transaksies (Beti) wat ‘n voortgesette afwaartse neiging van Oktober se 130,8 punte tot 130,4 in November toon, wat dui daarop dat die land se ekonomiese swaarkry tot in die vierde kwartaal voortduur.

[Bron: *Business Day* online/ThulethoZwane/10 January 2024]

3.2.1 Identifiseer die sakesiklusfase wat in die uittreksel hierbo genoem word. (1)

3.2.2 Noem enige tydperk van die sakesiklus. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *reële sakesiklus.* (2)

3.2.4 Hoe kan die regering die ekonomiese aktiwiteite soos hierbo aangedui verbeter? (2)

3.2.5 Waarom glo Monetariste dat die regering nie moet ingryp by markte nie? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**LOPENDE REKENING**

Suid-Afrika se tekort op die lopende rekening het skerp gedaal tot ZAR 19,3 miljard in die derde kwartaal van 2023, vanaf ‘n opwaartse hersiene ZAR 185,2 miljard in die vorige tydperk en in vergelyking met die markvoorspellings van ‘n tekort van ZAR 111,2 miljard. Dit was die kleinste tekort op die lopende rekening sedert die derde kwartaal van 2022, aangesien die handelsoorskot tot ZAR 189,1 miljard gestyg het vanaf ZAR 22,2 miljard, met die waarde van goedere-invoer wat meer gedaal het as die van goedere-uitvoer.

Intussen het die tekort in die dienste-, inkomste- en lopende oordragrekening marginaal tot ZAR208,5 miljard in die derde kwartaal gestyg van ZAR 207,4 miljard in die vorige tydperk. Dit is aangedryf deur groter tekorte in die diensterekening en primêre inkomsterekening, terwyl die tekort op die sekondêre inkomsterekening gedaal het. As ‘n verhouding van die BBP, die tekort op die lopende rekeningsaldo in die derde kwartaal van 2023 tot 0,3% vernou van 2,7% in die tweede kwartaal.

[Bron: https://tradingeconomics.com]

3.3.1 Identifiseer die betalingsbalansrekening in die bostaande uittreksel hierbo ? (1)

3.3.2 Noem enige ander betalingsbalansrekening. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *reserwerekening.* (2)

3.3.4 Waarom is *ruilvoet* ‘n belangrike makro-ekonomiese rekening? (2)

3.3.5 Hoe kan invoerkontroles gebruik word om ‘n onewewigsbalans in die Betalingsbalans reg te stel? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek die effek van doeltreffendheid op Internasionale handel. (2 x 4) (8)

3.5 Hoe kan die regering fiskale beleide gebruik om die totale vraag te verhoog tydens ‘n afswaai in die ekonomie? (8)

**[40]**


**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE monetêre beleidsinstrumente (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe kan die regering fiskale beleide gebruik om die ekonomie te versnel tydens 'n herstelfase? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




4.2.1 Identifiseer die oorspronklike ewewig in die grafiek hierbo. (1)

4.2.2 Watter wisselkoerssisteem gebruik Suid-Afrika? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *buitelandse valutamark*. (2)

4.2.4 Waarom sal die vraagkromme op die grafiek hierbo na regs verskuif? (2)

4.2.5 Hoe sal valutadepresiaisie die Suid-Afrikaanse ekonomie negatief beinvloed. (4)

Kopiereg voorbehou

4.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NASIONALE REKENINGE VIR SUID-AFRIKA**
**Teen huidige pryse**

| NO. | ITEM | BEDRAG MILJOENE (R) |
|---|---|---|
| 1 | Finale verbruikersbesteding deur huishoudings | 1 124 931 |
| 2 | Finale verbruikersbesteding deur die regering | 347 352 |
| 3 | **(A)** | 270 409 |
| 4 | Veranderinge in voorraad | 9 014 |
| 5 | Residuele items | 8 864 |
| 6 | Bruto Binnelandse Besteding | 1 742 842 |
| 7 | Uitvoere van goedere en dienste | 592 515 |
| 8 | Invoere van goedere en dienste | 568 073 |
| 9 | Besteding aan BBP teen markpryse | **(B)** |

[Bron: Quarterly Bulletin, SARB, December 2023]

4.3.1 Watter BBP-metode word in die tabel hierbo gebruik? (1)

4.3.2 Noem die item wat deur **A** op die tabel voorgestel word. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *kapitaalvorming.* (2)

4.3.4 Wat is die belangrikheid van residuele items? (2)

4.3.5 Bereken die waarde wat deur **B** in die tabel voorgestel word. (4)

4.4 Beskryf kortliks die uitwerking van fiskale beleide op inkomsteverdeling en die prys. (2 x 4) (8)

4.5 Analiseer die gebruik van sloerende aanwysers in die vooruitskatting van sakesiklusse. (8)
**[40]**

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg nagesien word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE TOEKENNING | |
|---|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laerorde antwoord.<br>• 'n Goeie begin is om die hoofkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf<br>• MOENIE enige deel van die vraag by jou inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek | Maksimum 2 | |
| **Liggaam** :<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/ In-diepte bespreking/ Ondersoek/ Bespreek krities/ Analiseer/ Vergelyk/ Evalueer/ Onderskei/ Verduidelik/ Teken ‘n grafiek en verduidelik/ Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/ Voltooi die grafiek gegee/ Assesseer/ Debatteer<br>**‘n Maksimum van 8 punte kan gegee word vir opskrifte/voorbeelde toegeken word**<br>**Addisionele deel:** Bespreek krities/ Evalueer/ Evalueer krities/ Lei af/ Vergelyk/ Verduidelik Onderskei / Interpreteer/ Debatteer kortliks/ Hoe/ Stel voor<br>**‘n Maksimum van 2 punte kan toegeken word om bloot feite te lys.** | Maksimum 26<br><br>Maksimum 10 | |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige hoërorde gevolgtrekking sluit in:<br>• 'n Kort opsomming van wat bespreek is sonder om feite wat reeds in die liggaam genoem is, te herhaal<br>• Enige mening of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteuningsinligting om die bespreking/analise te versterk<br>• 'n Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>• Aanbevelings | Maksimum 2 | |
| **TOTAAL** | **40** | |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek volledig die redes vir Internasionale Handel. (26 punte)
- Hoe kan die SARB die tekort op die betalingsbalansrekening verminder? (10 punte)

**[40]**

**VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek volledig die markte binne die VIER-SEKTOR model. (26 punte)
- Ontleed die vermenigvuldigerseffek indien beleggings sou toeneem.(10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou